Die tale wat Suid-Afrikaners praat

- **IsiZulu** met 8,3 miljoen sprekers (22%) is die grootste taalgemeenskap in Suid-Afrika. Zoeloe word egter hoofsaaklik in Noord-Natal en Mpumalanga gepraat, en weinig elders.
- **Afrikaans** as eerste taal word deur 5,7 miljoen mense (15%) gepraat, en is die derde grootste taalgroep.
- **isiXhosa** is die tweede grootste taalgroep met 6,6 miljoen (17%) sprekers. Xhosa word egter hoofsaaklik in die Oos- en Wes-Kaap gepraat en weinig elders.
- **Engels** as eerste taal word deur 3,4 miljoen sprekers (9%) gepraat en is die sesde grootste taalgroep in Suid-Afrika. Engels word hoofsaaklik in KwaZulu-Natal, die Oos-Kaap en die groot stadsgebiede gepraat.
- **Afrikaans** is in twee van die provinsies die dominante taal, naamlik die Wes-Kaap (58,5%) en die Noord-Kaap (69,7%). Die Noord-Kaap is die kleinste provinsie in terme van bevolkingsgetalle.
- **Afrikaans** is die minste verteenwoordig in KwaZulu-Natal (1,7%) en die Limpopo Provinsie (2,5%).
- **Engels** is in geeneen van die nege provinsies die dominante taal in terme van eerstetaalsprekers nie.
- Die meeste Afrikaanssprekers word in die Wes-Kaap aangetref, naamlik 2,6 miljoen sprekers, gevolg deur Gauteng met 1,5 miljoen sprekers.
- Geprojekteerde syfers tot die jaar 2006 dui daarop dat die taalgroeperinge konstant sal bly, met die sterkste groei van Afrikaanse sprekers onder die Bruin bevol-king van die Wes-Kaap.

(Sensus 2000)